

VAN STAMVERWANTE BODEM

Die Bybel, aldus 'n mededeling in die Duitse kwartaalblad *Universitas*, is nog steeds dié boek wat die meeste vertalings op sy naam het. In 1961 het, aldus die jongste gegewens, 246 vertalings die lig gesien teenoor 258 in 1960. Die tweede plek is in 1961 ingeneem deur die werke van Lenin (185 vertalings).

In Mainz (Duitsland) is een van die belangrikste Romeinse beeldhouwerke ontdek wat tot nou toe noord van die Alpe gevind is. Waarskynlik stel dit die kleinseun van Julius Caesar (Gaius Caesar) voor.

Die *Nationaltheater* in Münschen, wat in 1823 sowel as in 1943 deur brand verwoes is, is tans weer heropgebou. Hierdie sieraad van die hoofstad van Beiere dateer van 1818 en in die jongste uitgawe van *Deutschland Revue* (1963, afl. 3) is sowel aan die heropening (25.11.1963) as aan die geskiedenis en belangrikheid van hierdie skouburg 'n insiggewende bydrae gewy.

Na die hedendaagse kultuur van Europa en die kenmerke daarvan voer ons die publikasie *Karakter en Cultuur van Europa*, 'n versameling voordrage (Prismabook 910, Utrecht-Antwerpen) deur *Prinses Beatrix van die Nederlanden*, P. H. Spaak, R. Guardini, G. Berger, Raghavan Iyer, D. de Rougemont, sir Willis Jackson, P. Harmel, G. W. Wittkämper, F. Heer en L. Armand. Van Gaston Berger is, in sy bydrae oor die kulture'e eenheid van Europa, die volgende uitspraak afkomstig: *Elk volk kan zijn bijdrage leveren tot de grote groep ingenieurs en dichters die wij willen uitzenden om naast Europa ook aan de wereld te bouwen. Het kan dit zonder vrees doen, want ook al deelt men in een gemeenschappelijke beschaving, toch kan ieder zijn eigen cultuur bewaren, dat wil zeggen eigen manier van leven, van bewonderen, van zingen en van bidden. Zo zullen wij tezamen kunnen optrekken naar een leven dat weidser en tegelijkertijd edelmoediger is, zonder daarom datgene in gevaar te brengen dat voor ieder van ons de waarde en de charme van ons bestaan uitmaakt.*

Ter herdenking van die Henry van de Veldeherdenking (Antwerpen, 29.10.1963) is in die tydskrif *Antwerpen* (jg. 9, nr. 4, Des. 1963) deur A. Corbet, B. Braem, L. Stijnen en R. Avermaete die betekenis geskets van die voormalige hoogleraar in die kunsgeskiedenis aan die universiteit van Gent wat as een van die baanbrekers van die moderne argitektuur beskou kan word en ver buitekant die grens van sy geboorteland bekendheid verwerf het. Tot sy groot skeppings behoort die biblioteekgebou van die universiteit van Leuven (1936) en die eresaal van die tentoonstellingspaleis van N. York (1931). Minder bekend is dat Van de Velde hom ook toegelê het op die ontwerp van meubels en gebruiksvoorwerpe. In sy geboortestad Antwerpen verrys een van sy skeppings, die monument ter nagedagtenis aan Peter Benoit. Beeldhouwerk word ook bespreek in die bydrae *De gemeentelijke overheid als opdrachtgeefster van beeldhouwwerken* (J. Leupen in *Ons Amsterdam*, jg. 16, nr. 1, Jan. 1964) waarin werke van Hildo Krop bespreek word. In 1963 het die Amsterdamse stadsraad ongeveer R9,500 vir beeldhouwerk uitgegee. Die aantal verstrekte opdragte sedert 1923 bedra ongeveer 300.0.m. is 'n standbeeld vir 'n geesverwant van prof. H. van de Velde, dr. H. P. Berlage, in voorbereiding.

Ons noem die volgende lesenswaardige bydraes wat in die Vlaamse tydskrif *De Toerist* (Antwerpen) verskyn het, t.w. J. van Ackere se beskrywing van die lusoord van keiser Hadrianus in Tivoli (Jan. 1964, nr. 2) en dr. G. Renson se bydrae oor die belangrike kasteel Gaasbeek wat sedert 1924 as 'n museum in gebruik is (Febr. 1964, nr. 1). Middeleeuse kunsvoorwerpe, skilderye van Rubens en 'n omvangrike biblioteek trek jaarliks ongeveer 60,000 besoekers na 'n kasteel wat in 1565 deur aankoop tydelik

in besit van Lamoraal van Egmont was en, nadat dit grondig gerestoureer is in 1921, deur markiesin Marie Peyrat aan die Belgiese regering geskenk is.

In die tydskrif *Ost-Probleme* (Bonn, jg. 16, nr. 3, Febr. 1964) kom onder die titel *Spitzenfunktionäre von Partei und Regierung in den osteuropäischen Volksdemokratien* 'n opgaaf voor waarin al die vernaamste leiers (party en regering) genoem is (bl. 87-95). In die *Bulletin van het Rijksmuseum* (Amsterdam, jg. II, 1963, nr. 3) kom 'n aantal werke voor van die skilder-tekenaar D. Valkenburg, soos deur hom kort na 1700 in opdrag van die Amsterdamse koopman J. Witsen uitgevoer is. Boukundig beskou is afb. 3 en 4 (bl. 83, 85) van belang. Beeldhouwerk en tekeninge van die beroemde Franse kunstenaar A. Maillol is in deel 14, nr. 2 (1963) van die *Bulletin Museum Boymans-van Beuningen* (Rotterdam) bespreek, terwyl die inhoud van 'n spesiale uitgawe van 's Gravenhage (jg. 18, nr. II, Nov. 1963) gewy is aan Den Haag en Scheveningen in 1813 en aan die Nederlandse musieklewé van 1766-1840. Laasgenoemde bydrae is van die hand van Willem Noske en bevat o.m. spotliedjies op die Batawe en verset- en bevrydingsliedjies uit 1813.


Besondere vermelding verdien die *Zuid-Afrikanummer* van *Neerlandia* (Jan. 1964) waarin die A.N.V. sy standpunt t.o.v. ons land en sy vraagstukke uiteensit, en waarin die redaksie dr. A. L. Geyer en prof. dr. N. J. J. Olivier in die geleentheid gestel het om ons rassevraagstukke nader toe te lig. Ook die boekbesprekings staan in die lig van ons land. Ons is die A.N.V. besonder erkentlik vir hierdie gebaar!

'n Soortgelyke eervolle vermelding verdien ook die organiseerders van die tentoonstelling *Wonen in de wijde wereld, een tentoonstelling van de Stichting Cultuurgeschiedenis van de Nederlanders overzee* (Amsterdam) waarvan items 208-231 aan die Kaap die Goeie Hoop tydens die Nederlandse bestuurstydperk gewy is. Skilderye van ons eerste kommandeur en sy gade, 'n silwerpenning wat aan Ysbrandt Goske geskenk is, 'n begrafnispenning ter nagedagtenis aan Joan Bax, tekeninge van J. Th. Bik en 'n sewentiende eeuse Kaapse stinkhoutskryfkas, is o.m. uitgestal as waardevolle onderdele van die Kaapse afdeling van die tentoonstelling. 'n Voortrefflike katalogus is by dié geleentheid uitgegee.

Aan Suid-Vlaandere, die gebied tussen die huidige Belgies-Franse grens en die Zomme (Somme) is 'n spesiale nommer van *Ons Heem* (jg. xvii, nr. 4, St. Martens-Latem, België) gewy. Hierdie uitgawe is vir ons belangrik omdat hierdie gebied, wat oorspronklik tot die Nederlande behoort het en waar die Nederlandse bewussyn nog sterk is, die land van herkoms van 'n aantal sogenoemde Franse Hugenote is wat teen die einde van die sewentiende eeu oor Nederland na ons gekom het. 'n Kenner van hierdie aspek by uitnemendheid, J. M. Gantois, bespreek o.a. plekname in Suid-Vlaandere (oorspronklike name, verfranse vorms) en die geskiedenis van die geleidelike inlywing van hierdie landstreek deur Frankryk in die loop van die eeu. Met verwysing na die ges'agte De Lille, De Fremout (Fremault), Risseeuw (Rousseau) Brevet e.a. wat sedert eeu in die Nederlandse provinsie Zeeland woon (bl. 133) is vermeld dat verteenvoordigers daarvan oorspronklik aan Hugenote-regimente uit Vlaandere en Artezie behoort het en in 1584-1585 tot vestiging in Zeeland oorgegaan het.

In die reeks *Bijdragen tot de Geschiedschrijving van de Posterijen, Telegrafie en Telefonie in Nederland* het as deel iv dr. E. A. B. J. ten Brink se studie *De Rotterdamsche Telegraaf Maatschappij 1854-1884* (Den Haag), verskyn. Ons noem hierdie studie as 'n voorbeeld van die Nederlandse konsessiebeleid op dié gebied en ook omdat Rotterdam en sy voormalige voorhawens Hellevoetsluis en Brouwershaven, wat in 1871 en 1854 deur telegraaflyne van die genoemde maatskappy met Rotterdam verbind is, 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Nederlandse skeepvaart met ons land gespeel het.

Jan Ploeger.



Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste deel van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van meer as 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë binne tien jaar sal verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddelle vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR :

POSBUS 450

PRETORIA

Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus,
is diens aan u land.

U word verseker van

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere
besonderhede verstrek.**